

HOOFSTUK V.BEROEPSONDERWYSA. DIE WETLIKE OMSKRYWING VAN BEROEPSONDERWYS.

Die wetlike omskrywing van beroepsonderwys is gedurende die jare wat dit onder die beheer van die Sentrale Regering gevall het van tyd tot tyd gewysig. Ten einde 'n volledige beeld te kan vorm van die wetlike formulering van beroepsonderwys, asook van die implikasies wat dit ingehou het, word die verskillende omskrywings, soos dit van tyd tot tyd in onderwys-en ander wette verskyn het, kortliks weergegee.

Toe die Unie-Onderwysdepartement in 1925 die beroepskole van die provinsiale onderwysdepartemente oorgeneem het, was daar nog nie 'n statutêre omskrywing van wat beroepsonderwys of beroepskole presies is nie. Beroepsonderwys is egter metter-tyd by wyse van wetgewing en ooreenkomste tussen die Sentrale Regering en die provinsiale onderwysdepartemente omlyn.

Ingevolge artikel 85(iii) van die Zuid-Afrika Wet kon die Provinsiale Rade ordonnansies maak rakende onderwys - uitgesonderd hoër onderwys. Laasgenoemde onderwys sou onder die Unie-Onderwysdepartement ressorteer. Daar het egter al gou behoeftte ontstaan aan 'n noukeurige definiëring van hoër onderwys.¹⁾ Die bedoeling was dat hoër onderwys, soos in die Zuid-Afrika Wet bedoel, onderwys van na-matrikulasiestandaard sou wees.²⁾ Toe daar egter besluit is dat die beheer van tegniese kolleges na die Unie-Onderwysdepartement sou oorgaan, het daar 'n eienaardige anomalie ontstaan met betrekking tot die klassifikasie van beroepsonderwys. Ten einde die oornname van beroepsonderwys deur die Unie-Onderwysdepartement te wettig, is dit saam met bona fide hoër onderwys as synde hoër onderwys geklassifiseer.

In die finansiële verhoudingswet van 1922 is bepaal dat onder die uitdrukking "hoger onderwijs", soos gebesig in die Zuid-Afrika Wet, o.a. die volgende ingesluit word:

1) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1913, p.43.
 2) Annual Report of the Department of Education, 1910, p.2.

- "(c) onderwijs gegeven aan zulke techniese instellingen (met inbegrip van kunst-, muziek-, handel-, technologiese-, landbouw-, myjn-, en huishoudkundige scholen) als de Minister van Onderwijs verklaart scholen van hoger onderwys te zijn."
- "(d) Zulk gedeelte van onderwijs gegeven aan andere techniese instellingen als de Minister van Onderwijs na overleg met het betrokken provinciale bestuur verklaart hoger onderwijs te zijn."³⁾

Dit was die eerste keer dat 'n wet van die Parlement daarvoor voorsiening gemaak het dat die Unie-Onderwysdepartement beroepsonderwys onder sy vleuels mag neem.

Uit bogenoemde Wet het dus gevolg dat beroepsonderwys hoër onderwys was, wat dit in der waarheid nie was nie. Beroepsonderwys as sodanig is eintlik ook nie omskryf nie, want die Wet het slegs bepaal welke vertakkinge van die onderwys onder die Unie-regering sal ressorteer en watter soort onderwys daarby gevoeg mag word. Die Hoger Onderwijs Wet van 1923⁴⁾ het ook nie meer lig op hierdie saak gewerp nie en het slegs bepaal dat die betrokke Wet van toepassing is op sulke instellings as wat deur die Minister as "scholen van hoger onderwijs" verklaar word en wat daarna as "verklaarde instellings" bekend sou staan.⁵⁾

'n Lastige probleem het egter intussen ontstaan, nl.: wanneer word 'n skool as 'n beroepskool geklassifiseer? Om die antwoord hierop te verskaf, is tydens 'n interdepartemente konferensie in November 1925 besluit dat indien 'n skool nie meer as drie agstes van sy tyd aan beroepsvakke wy nie, dit nie as 'n inrigting vir beroepsonderwys beskou kan word nie.⁶⁾

Met die totstandkoming van die eerste wet op beroepsonderwys in 1928, is beroepsonderwys omskryf as: "onderwys en op-leiding in handel, landbou of huishoudkunde of in enige ambag of nywerheid."⁷⁾ Hierdie vier kategorieë wat saam beroeps-

3) Finansiële Verhoudingen Vierde Verlengingswet, 1922, (Wet No. 5 van 1922), artikel 11(c) en (d).

4) Wet No. 30 van 1923.

5) Wet No. 30 van 1923, artikel 1(l).

6) Cilliers, op.cit., p.11.

7) Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole, 1928 (Wet No. 29 van 1928), artikel 20.

onderwys vorm, kom presies ooreen met die opvatting van beroeps-onderwys wat sedert die Kerschensteiner-era in Duitsland gebruik word.⁸⁾

Toe die finansiële verhoudingswette in 1945 gekonsolideer is,⁹⁾ is die omskrywing van "hoër onderwys" van Wet No. 5 van 1922 en Wet No. 50 van 1935 gekonsolideer in 'n volledige omskrywing in artikel 17(c) en (d). Die bepaling van beroeps-onderwys is nie daardeur verander nie. Hierdie omskrywing het gegeld tot 1955, toe die nuwe beroepsonderwyswet tot stand gekom het.

Dit blyk dus dat die wetlike bepaling van wat beroeps-onderwys is, voorgekom het in wette wat die finansiële betrekkinge tussen die Unie-regering en die provinsies behaal het.

In die Wet op Beroepsonderwys, 1955, wat byna dertig jaar na die eerste beroepsonderwyswet verskyn het, is daar nie veel verskil in die omskrywing van beroepsonderwys wat soos volg lui, te bespeur nie:

"Artikel I. In hierdie wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

- "(ii) 'beroepsonderwys', handelsberoepsonderwys, huishoudkundige beroepsonderwys en tegniese beroepsonderwys, maar nie ook beroepsonderwys wat kragtens die Wet op Spesiale Skole, 1948 (Wet No. 9 van 1948), aan die Administrateur van 'n provinsie opgedra is nie;"
- "(vi) 'handelsberoepsonderwys', 'n kursus van onderwys en opleiding waarin meer as 'n derde van die vakke voorgeskrewe handelsvakke is of ten opsigte waarvan meer as agt uur aan voorgeskrewe handelsvakke gewy word;"
- "(x) 'huishoudkundige beroepsonderwys', 'n kursus van onderwys en opleiding ten opsigte waarvan meer as agt uur per week aan voorgeskrewe huishoudkundige vakke gewy word;"
- "(xxi) 'tegniese beroepsonderwys', 'n kursus van onderwys en opleiding (teoreties of prakties of beide teoreties en prakties), wat onderwys en opleiding in enige voorgeskrewe ambag insluit maar wat onderwys en opleiding in handwerk uitsluit."¹⁰⁾

8) Simons. Georg Kerschensteiner, his thoughts and its relevance today, p.93.

9) In die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945).

10) Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955).

Die Wet het 'n praktiese en opvoedkundige basis neergelê vir die afbakening tussen gedifferensieerde onderwys met 'n beroepstrekking enersyds en volle beroepsonderwys andersyds.¹¹⁾

In die Wet op Onderwysdienste, 1967 (die eerste wet na dié van 1955 waarin beroepsonderwys omskryf word), word beroeps-onderwys meer volledig omskryf en word daar ook onderskeid gemaak tussen beroepsonderwys as sodanig en die handwerkvakke wat deur die provinsiale skole aangebied word. Beroeps-onderwys word in hierdie Wet omskryf as synde:

"n kursus van voltydse onderwys wat gewoonlik tot 'n standerd nie hoër nie as die tiende standerd verskaf word en -

- (a) waarin meer as 2 vakke handelsvakke is wat in Bylae 2¹²⁾ vermeld word; of
- (b) wat insluit onderrig en opleiding, hetsy teoreties of praktiese of sowel teoreties as praktiese, in 'n ambag vermeld in genoemde Bylae.

Maar nie ook nie -

- (i) buitengewone onderwys; of
- (ii) n kursus van onderrig en opleiding in houtwerk, metaalwerk of 'n ander praktiese kuns of handwerk wat nie spesifiek onderrig of opleiding is nie vir 'n ambag vermeld in genoemde Bylae 2, en die duur waarvan hoogstens agt uur per week is, ongeag die getal sodanige vakke wat vir sodanige kursus gevola word."¹³⁾

n Opvallende aspek van hierdie omskrywing is die feit dat huishoudkundige onderwys daaruit weggelaat is. Vooras nog is dit egter wel by beroepsonderwys ingerekken en is hoër huishoudskole by implikasie saam met hoër tegniese en handelsskole as beroepskole beskou.

11) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.10.

12) In Bylae 2 van die Wet verskyn 'n lys van vakke onder die opskrif Handelsvakke asook 'n lys van ambagte (sub-artikel (b)). Bylae I en II.

13) Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), artikel 1.(iv).

B. DIE ADMINISTRASIE VAN TEGNIESE EN BEROEPSonderwys ONDER PROVINSIALE BESTUUR TOT 1925.

1. Kaapprovinsie.

Die ambagskole in die Kaapprovinsie is deur die Administraleur gestig en het onder beskerming van die N.G. Kerk gestaan. Hulle is onderhou deur middel van n per capita-toelae, n bydrae tot sekere nodige uitgawes en die plaaslike gemeente se bydraes. Die totale finansiële ondersteuning was egter onvoldoende en produksie was die vernaamste oorweging ten einde genoegsame inkomste te verkry om hierdie inrigtings solvent te hou.¹⁴⁾

Daar het ook enkele een-onderwyser industriële afdelings in hierdie Provinsie bestaan. Hierdie afdelings was verbonde aan koshuise vir behoeftige leerlinge wat ingevolge n ordonnansie in 1919 opgerig is.¹⁵⁾

As gevolg van die uitbreiding van die besighede en nywerhede is daar mettertyd ook n begin gemaak met deeltydse- of aandklasse in tegniese vakke. Hierdie klasse, saam met di voortsettingsonderwys, het tot so n mate wortel geskiet dat dit uiteindelik geleid het tot die ontstaan van die tegnieskolleges in Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad, terwyl die klasse van die De Beers-maatskappy sowel die Universiteit as die Tegniese Kollege in Johannesburg tot gevolg gehad het.¹⁶⁾

Met die oornname in 1925 was daar 2 departementele skole, 7 een-onderwyser industriële afdelings en 9 staatsondersteunde inrigtings.¹⁷⁾ wat tegniese onderwys gegee het.

Die Kaapstadse Kamer van Koophandel het in 1904, in medewerking met die Londense Kamer van Koophandel, die eerste publieke handelseksamen in Suid-Afrika gereël.¹⁸⁾ Die Kamer van Koophandel het ook van toe af aandklasse in sodanige

14) Unie-Onderwysdepartement. Beroepsonderwys, p.5.

15) Wulfsohn, op.cit., p.32.

16) Mulder, op.cit., p. 98-99.

17) De Villiers-verslag, par. 6.

18) Van Wyk. Die ontwikkeling van handelsonderwys in Suid-Afrika, p.147.

vakke georganiseer. By wyse van private inisiatief het uitbreiding gevolg. Addisionele handelsvakke (Snelskrif en Tikschrif) is ook in die leergange van openbare skole ingevoer.¹⁹⁾

Behalwe spesiale huishoudskole in die Kaapprovinsie is daar ook huishoudkunde-afdelings aan die gewone skole ingevoer; daar is trouens meer op hierdie afdelings gekonsentreer omdat die koste daaraan verbonde laer was en die leerlinge makliker betrek kon word. Teen 1910 was daar dus 38 sodanige afdelings teenoor die drie huishoudskole.²⁰⁾

In 1925 was daar 3 huishoudskole met 'n gesamentlike leerlingtal van 140 meisies in die Kaapprovinsie.²¹⁾

2. Transvaal.

In 1904 is 'n begin gemaak met tegniese onderwys in Transvaal. Dit was toe die "South African School of Mines" in Johannesburg met klasse begin het. Die Mynskool te Kimberley is gesluit en sy werksaamhede is in Johannesburg voortgesit.²²⁾ Die Transvaalse Kamer van Mynwese het bywoning van voortsettingsklasse in 1905 verpligtend gemaak. In 1912 het die Spoorweg-administrasie met soortgelyke optrede gevolg.²³⁾

In 1905 is die eerste industriële skool vir seuns en dogters in Transvaal in Potchefstroom gestig. Hierdie inrigting was deel van die verenigde weeshuise en was die enigste skool in Transvaal wat onderrig voorsien het wat aan die opheffing van die armlankvraagstuk herinner het.²⁴⁾ Dit het later ontwikkel in die huidige hoër tegniese skool aldaar. Die eerste Suid-Afrikaanse "tegniese skool" is egter eers in 1909 in Pretoria gestig. Dit het 'n ietwat hoër einddoel as die industriële of ambagskole gehad.²⁵⁾ Die behoefte het ontstaan aan 'n deeglike opleiding van vakleerlinge in die geskoold ambagte.²⁶⁾ Later is derglike skole in Johannesburg geopen.²⁷⁾

19) Wulfsohn, op.cit., p.32.

20) Mulder, op.cit., p.23.

21) Unie-Onderwysdepartement. Beroepsonderwys, p.10.

22) Coetzee, Onderwys in Transvaal, p.94.

23) Wulfsohn, op.cit., p.38.

24) Ibid.

25) Mulder, op.cit., p.53.

26) Horne. The trade school in South Africa, p.8.

27) Wulfsohn, op.cit., p.38.

Gedurende 1921 is die "Zuidafrikaanse School van Mijnbouw en Technologie" verander in die Universiteit van die Witwatersrand nadat nog bykomstige departemente daaraan toegevoeg is. In 1923 is die eerste "hoër tegniese skool" in Transvaal geopen en wel in Johannesburg. Leerlinge sou hier opgelei word vir beroepe in die tegniese afdelings van die myne, stadsrade, spoorweë en private industriële ondernemings.²⁸⁾

Voor die ontstaan van 'n bona fide-handelskool in Transvaal is sogenaamde klerklike of handelsvakke in die sillabusse van gewone sekondêre skole opgeneem. Die eerste stap om voorsiening te maak vir voltydse handelsonderwys is geneem toe 'n handelsafdeling by die goewermentskool, Troyeville, geopen is. In 1917 het dit 'n afsonderlike handelskool geword en is dit na Johannesburg verskuif.²⁹⁾

In Pretoria, Boksburg en Krugersdorp het ook handelsafdelings ontstaan. Teen 1925 was daar handelskole te Johannesburg, Pretoria en Boksburg.³⁰⁾

Huishoudkundige onderwys is ook voor 1925 in Transvaal aangetref. In 1905 is die Potchefstroomse Industriële Skool in aansluiting by die plaaslike weeshuis vir seuns en dogters gestig. Die eerste huishoudskool in Transvaal het uit hierdie skool ontstaan. Hierdie industriële skool is deur die staat gesubsidieer. Behalwe die gewone skoolvakke is vir die dogters vakke soos Snyerswerk (ook vir seuns), Hoedemakery, Naaldwerk en Huiswerk aangebied. In 1906 is ook 'n begin gemaak met spin- en weefwerk. Vyf jaar na die ontstaan van die industriële skool (in 1910) het die dogters 'n afsonderlike gebou betrek en in 1934 het die meisieskool finaal van die seunskool weggebreek en 'n eie hoof gekry.³¹⁾

In 1913 is 'n huishoudskool in Johannesburg geopen om tegniese onderrig aan dogters te verskaf wat nie die gewone middelbare kursus wou volg nie. Vakke soos Koekkuns, Was en

28) Coetzee, op.cit., p.153.

29) De Villiers-verslag, par. 9.

30) Ibid.

31) Du Plessis, op.cit., p.43-46.

Stryk, Kostuummakery, Stoffeerwerk en Huisbeheer kon in hierdie skool geneem word. Verder het hierdie rigting ook voor-siening gemaak vir volwasse dames wat sekere kursusse wou volg.³²⁾

Die twee huishoudskole in Transvaal, dit wil sê dié te Pretoria en Johannesburg, is in 1925 na die Unie-Onderwysdepartement oorgedra.³³⁾

3. Oranje-Vrystaat.

Die eerste daadwerklike stap in die rigting van ambags-onderrig is gedoen toe 'n ambagskool in 1898 in Bloemfontein gestig is. Hierdie skool moes egter met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog gesluit word. Eers in 1907 is dit weer heropen onder die naam "Government Industrial School". Later is die naam verander na "Artisan Training School" - toe die woord "industriële" gekoppel geraak het aan skole wat vir gekommiteerde kinders bedoel is (kinderwetskole). Nog later is die naam verander na "Trades School".³⁴⁾ Later is nog derglike skole gestig.

Intussen is daar ook 'n begin gemaak met aandklasse deur die spoorwegadministrasie en in 1912 is nog 'n stap verder gevorder met die stigting van die "Bloemfontein Evening Classes" met die oog op die verwerwing van 'n hoër skoolstanderd (St. V) deur behoeftige blanke arbeiders op die Spoorweë. Vyf jaar later (1917) is aandklasse onder beheer van die "Kommissie voor de avondklassen" met Hollands as voertaal, aan die "Voorbereidende Technische School" ingestel. Toe die Unie-Onderwysdepartement beroepsonderwys oorgeneem het, is bogenoemde aandklasse geamalgameer om die Bloemfonteinse Handels- en Tegniese Klasse te vorm wat later ontwikkel het in die Vrystaatse Tegniese Kollege.³⁵⁾

In 1916 het die industriële afdeling van die openbare skool op Ficksburg, waarmee 'n begin in 1913 gemaak is, 'n afsonderlike skool geword. So 'n skool is ook op Jacobsdal

32) Du Plessis, op.cit., p.47-48.

33) Ibid., p.49.

34) Wulfsohn, op.cit., p.35.

35) Ibid., p.36.

gestig, asook landbouvakskole op Tweespruit en Ladybrand in 1918. Daar was ook eenman-industriële afdelings by twee openbare skole in 1925.

Die aandklasse wat in die Oranje Vrystaat deur die Spoerwegadministrasie ingestel is, het ook handelsvakte ingesluit. In 1907 is die tegniese en die algemene en handelsklasse van mekaar geskei. Eersgenoemde is by die Spoorweginstituut gehou en die algemene en handelsklasse is na die Brebner-skool afgesonder.³⁶⁾

Handelsvakte het toegeneem in gewildheid en is in verskillende inrigtings gegee. In 1919 is in die Dagvoortsettingsklasse aan die Brebnerskool die volgende handelsvakte aangebied: Snelskrif, Boekhou, Tikschrif en Kantoorwerk.³⁷⁾

Kort na die Tweede Vryheidsoorlog is 'n aanvang gemaak met klasse in huishoudkundige vakke. Hierdie klasse was aanvanklik gewild maar het egter in 1912 doodgeloop en is in die Politegniese Kollege gesentraliseer vir die opleiding van onderwyseresse in huishoudkundige vakke. Spin- en weefskole is op inisiatief van Emily Hobhouse begin. Dit is later egter deur die Raad vir Tuisnywerhede wat in 1908 gestig is oorgeneem. Hulle het gaandeweg die eienskappe van fabrieke begin vertoon. Desondanks het dié skole daarin geslaag om die bevolking meer arbeidsbewus te maak en die skool te Bethlehem was "feitlik die voorloper van die huishoudskool aldaar."³⁸⁾

In 1911 is daar besluit om 'n huishoudskool in Bethlehem te begin. Twee jaar later het die skool, net soos met ander vakskole die geval was, onder die beheer van 'n Raad van Kuratore gekom en het dientengevolge onder die Skoolraad van Bethlehem geressorteer. Ten tye van die oorname van beroeps-onderwys was daar net die een huishoudskool in die Oranje Vrystaat.³⁹⁾

36) Ibid., p.35-36.

37) Mulder, op.cit., p.282.

38) Du Plessis, op.cit., p.34-36.

39) Ibid., p.36-40.

4. Natal.

Die Tegniese Onderwyskomitee van 1905 in Natal het tot gevolg gehad dat die Durbanse Tegniese Instituut in 1907 gestig is. Hierdie inrigting was die voorloper van die teenswoordige Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Drie jaar later is 'n soortgelyke inrigting in Pietermaritzburg gestig. Hierdie twee institute is ooreenkomsdig die bepalings van Wet No. 5 van 1922⁴⁰⁾ in 1922 en 1925 onderskeidelik deur die Unie-Onderwysdepartement as inrigtings vir hoër onderwys oorgeneem. Benewens die tegniese institute was daar ook ander skole in Durban en Pietermaritzburg wat handels- en tegniese afdelings gehad het. Die Durbanse Hoër Tegniese Skool wat leerlinge vir handels- en ingenieursberoewe opgeleid het, kan beskou word as die voorloper van die hedendaagse hoër tegniese skole in Suid-Afrika, volgens Wulfssohn.⁴¹⁾ Van die "ambag-skool tipe" was daar in 1923 slegs die landbou-opleidingskool te Weston.⁴²⁾ In hierdie skool was feitlik net kinders van behoeftige ouers.⁴³⁾

In 1907, toe die Durbanse Tegniese Instituut gestig is, is die voortsettingsklas vir Snelskrif daarby ingelyf. Ook aan die Instituut te Pietermaritzburg is handelsvakke aangebied wat oorgeneem is van die "Maritzburg Business College", 'n private handelskool, wat sedert 1906 hier te lande bestaan het.⁴⁴⁾

In Natal was daar in 1925, toe beroepsonderwys deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is, geen bona fide-huishoudskool nie. Huishoudkundige vakke is egter wel in verskeie skole aangebied.

40) Finansiële Regelings Vierde Verlengingswet, 1922.

41) Wulfssohn, op.cit., p.33.

42) Ibid., p.35.

43) De Villiers-verslag, par.6.

44) Wulfssohn, op.cit., p.33.

C. BEROEPSONDERWYS ONDER DIE SENTRALE REGERING.

1. Algemeen.

Die Sentrale Regering se aandeel in die beheer van beroepsonderwys op 'n landswye basis dateer vanaf 1 April 1925 toe hy alle provinsiale beroepskole, ooreenkomsdig die besluite geneem op die Durban-konferensie van die vorige jaar, by die provinsiale onderwysdepartemente oorgeneem het.⁴⁵⁾ Op genoemde datum is 19 staats- en 23 staatsondersteunde inrigtings onder Uniale beheer geplaas benewens 'n groot aantal deeltydse kursusse, terwyl die drie hoër handelskole in Transvaal 'n jaar later onder Uniale beheer gekom het.⁴⁶⁾

Onder die Unie-Onderwysdepartement kon die ideaal van 'n eenvormige beleid ten opsigte van beroepsonderwys verwesenlik word. Onder die provinsiale onderwysdepartemente was daar groot uiteenlopendheid in hierdie verband. Reeds in 1912 het die Minister van Onderwys op die konferensie oor Tegniese, Industriële en Handelsonderwys te Pretoria, gewys op die ongelikhede in die toekenning van gelde deur die verskillende owerhede aan inrigtings wat beroepsgerigte onderwys verskaf.⁴⁷⁾ Tot 1929 het hierdie verskynsel nog voortgeduur: elke provinsie het sy eie rigting ingeslaan.⁴⁸⁾

Vir die volgende 43 jaar (vanaf 1925 tot 1968) het beroeps-onderwys, kwantitatief gesproke, die belangrikste deel van die onderwys gevorm wat deur die Sentrale Regering verskaf is. Die beroepskole was mettertyd feitlik almal volle staatskole, dit wil sê skole waarvan die beheer en instandhouding regstreeks deur die Staat waargeneem is. Dié skole is derhalwe ook bestuur ooreenkomsdig die bepalings van wette wat van tyd tot tyd deur die Parlement gepromulgeer is. Daar was egter ook enkele private en staatsondersteunde beroepskole wat in 'n

45) Ingevolge artikel 12(1) van die "Finansiële Regelings Wet", 1925 (Wet No. 43 van 1925).

46) De Villiers-verslag, p.9.

47) Conference on Technical, Industrial, and Commercial Education held at Pretoria, 8 - 10th November, 1911. (U.G. 2-1912), p.7.

48) Paauw, J.B., op.cit., p.33. Vergelyk ook Cilliers, op.cit., p.10.

ander kategorie val en wat afsonderlik in hierdie hoofstuk bespreek word. Verder dien dit gemeld te word dat alhoewel die tegniese en handelsonderwys (tot matrikulasiëpeil) van die tegniese kolleges inhoudelik en kwalitatief basies dieselfde is as dié van die gewone hoër tegniese en handelskole, die beheer en administrasie van hierdie inrigtings heeltemal van dié van die gewone beroepskole verskil het. Die tegniese kolleges is byvoorbeeld vanaf 1923 tot 1968 geadministreer in gevolge die "Hoger Onderwijs Wet" van 1923 terwyl die staatsberoepskole ingevolge die verskillende beroepsonderwyswette geadministreer is. Om hierdie en ander redes word die tegniese kolleges in 'n afsonderlike hoofstuk behandel.

Toe beroepsonderwys in 1925 oorgeneem is, was dit nog in sy kinderskoene. Daar moet onthou word dat hierdie soort onderwys ten nouste saamhang met die aanvraag wat deur die nywerheidsektuur geskep word. As in aanmerking geneem word dat die nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika, relatief gesproke, eers tydens en na die Tweede Wêreldoorlog op dreef begin kom het, kan begryp word dat die beroepsonderwys gedurende die eerste paar dekades na 1910 maar betreklik stadig ontwikkel het. Na die Tweede Wêreldoorlog het die ontwikkelingsgang merkbaar in tempo toegeneem. Die volgende tabel toon aan hoe beroepsonderwys gedurende die jare 1930 tot 1965 toege- neem het:

TABEL X

DEPARTEMENTELE BEROEPSKOLE:
AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE,
1930 - 1965

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge</u>
1930	30	1 666
1935	30	2 089
1940	28	2 798
1945	24	2 862
1950	24	3 120
1955	25	5 505
1960	50	15 301
1965	62	23 181 ⁴⁹⁾

49) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

Na die oornname van beroepskole het die Departement die beleid toegepas om sekere skole te sluit en uitbreidings aan ander aan te bring.⁵⁰⁾ Ook is 'n aantal landbouskole in 1938 aan die provinsies teruggegee. Dit verklaar die afname in die aantal inrigtings na 1930. Die Tweede Wêreldoorlog het ook 'n aandeel in die afname van die leerlingtalle gehad.⁵¹⁾ Na 1955 was daar weer 'n groot toename in die aantal inrigtings, hoofsaaklik vanweë die oornname van 'n groot aantal takke van die staatsondersteunde tegniese kolleges.

'n Probleem wat die ontwikkeling egter baie gestrem het, was die opvatting by die breë publiek dat beroepsonderwys vir die minder gegoede en minder begaafde kind bedoel is - 'n erfenis van die provinsiale era. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare het daar egter 'n herwaardering van beroepsonderwys gekom wat die beeld van hierdie faset van die onderwys in die oë van die gemeenskap laat verbeter het. Daar kan gekonstateer word dat, toe beroepsonderwys in 1968 aan die provinsies teruggegee is, dit 'n goedgeorganiseerde en geoliede onderwysmasjien was; nie alleen is daar voorsiening vir die hoogste moontlike vorms van spesialisasie moontlik gemaak nie maar ook is die belangrikheid van die algemeen-vormende waarde van beroepsonderwys terdeë besef.⁵²⁾

Die eksaminering van beroepsonderwys tussen die jare 1925 tot 1968 het op 'n buitemurse basis geskied. Soos reeds vroeër gemeld, het die Unie-Onderwysdepartement in 1919 reeds begin met die afneem van eksamens. In 1924 is eksamen deur 6,023 kandidate in 179 sentrums onder die Departement se toesig afgelê. Die volgende soorte eksamens was hierby betrokke:

50) Jaarverslae van die Unie-Onderwysdepartement, 1926, p.31 en 1941-1945, p.5.

51) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1941-1945, p.5.

52) Vergelyk Moore, H.J.A.: "Beroepsonderwy's" Onderwysbulletin Junie 1968 (Vol. XIII No. 2) p.128 en "Tegniese Onderwys ook Algemeen vormend", Onderwysnuusflitse, September 1968 (No. 16), p.7.

- a. Onderwyssertifikate en -diplomas wat kursusse in huishoudkunde, handel, tegniek en lettere ingesluit het;
- b. Nasionale en Hoër Tegniese Sertifikate;
- c. Nasionale Huisvrousertifikate;
- d. Nasionale Tegniese en Dagskoolsertifikate; en
- e. Algemene Handelsertifikate.⁵³⁾

Die Departement se eksamenafdeling het sedert 1925 feno-
menaal gegroeい en in 'n kolossale organisasie ontwikkel. Dit
maak voorsiening vir 'n groot verskeidenheid van sertifikate
vir kandidate wat beroepsonderwys neem, soos in die volgende
agdeling aangedui word.

Die volgende indeling gee 'n beeld van die verskillende
soorte inrigtings op sekondêre en tersiêre vlak wat onder die
Departement ressorteer en wat beroepsgerigte onderwys aanbied:⁵⁴⁾

<u>Sekondêre vlak</u>	<u>Tersiêre vlak</u>
Hoër Tegniese Skool	Tegniese kollege
Hoër Handelskool	Opleidingskolleges vir kleuteronderwyseresse
Hoër Huishoudskool	Seevaartkollege Genl. Louis Botha
Landbouskool	Kunsskool
Vakleerlingskool	Vakleerlingskool
Nasionale Ambagskool vir Vakmanne	Voortsettingsklas
Tegniese Kollege	
Voortsettingsklas	
Kunsskool	
Balletskool	

2. Soorte beroepskole.

a. Hoër Tegniese skole.

In die Wet op Beroepsonderwys van 1955 word "tegniese beroepsonderwys" soos volg omskryf: "n kursus van onderwys en opleiding (teoreties of prakties of beide teoreties

53) Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1925, p.178.

54) Vergelyk die Departement se jaarverslae.

en prakties), wat onderwys en opleiding in enige voor- geskrewe ambag insluit maar wat onderwys en opleiding in handwerk uitsluit."⁵⁵⁾

Dr. A.J. van Zyl, direkteur van die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys in Pretoria, beskryf 'n hoër tegniese skool as 'n sekondêre skool (st. 6 - 10) wat naas die gewone algemene vakke ook tegniese vakke aanbied, en daarby werkinkelopleiding gee. Volgens hom word dié term ook in Engeland, Australië, Nieu-Zeeland en in die V.S.A. in dié betekenis gebruik.⁵⁶⁾

Ten tye van oorname in 1925 was die meeste van hierdie skole bekend as industriële of ambagskole. Kort na oorname het die Unie-Onderwysdepartement sommige van die skole gesluit, ander gereorganiseer en op sommige plekke nuwe skole gestig.⁵⁷⁾ In 1944 is die benaming van hierdie skole verander na hoër tegniese skole.⁵⁸⁾ Hoër tegniese skole bied voltydse onderrig op die sekondêre vlak en voorsien opleiding in 'n aantal ambagte⁵⁹⁾ waaruit elke leerling een kies. Kursusse vir die Nasionale Sertifikate wissel van die Nasionale St. VI-sertifikaat tot die Nasionale Senior Sertifikaat. Op die matrikulasienvlak word drie sertifikate uitgereik:

- Nasjonale Senior Sertifikaat (Matrikulasienvrystelling)
- Nasjonale Senior Sertifikaat (Standerd X, sonder matrikulasienvrystelling)
- Nasjonale Senior Sertifikaat (Tegnies)

Die Nasionale Senior Sertifikaat (Matrikulasienvrystelling of M-kursus) word toegeken aan 'n kandidaat wat in ses vakke geslaag het, soos volg gekies:

55) Artikel I (xxi).

56) Van Zyl. Meer tegniese onderwys. 'n Bydrae tot die oplos- sing van ons mannekragprobleem, p.170.

57) Smuts, op.cit., p.88. Vergelyk ook Unie-Onderwysdepartement: Jaarverslag, 1926, p.31.

58) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1941-1945, p.5.

59) In bylae II verskyn 'n lys van ambagte soos bepaal in bylae 2 tot die Wet op Onderwysdienste, 1967.

Groep I: Afrikaans A of Engels A

Groep II: Afrikaans A of B of Engels A of B, mits dit nie die taal is wat onder groep I is nie.

Groep III: Wiskunde.

Groep IV: Natuur- en Skeikunde.

Groep V: Masjientekene of Boutekekene.

Groep VI: Toegepaste meganika of Werkwinkelpraktyk en -Teorie.

Die volgende goedgekeurde ambagsvakke moet saam met Werkwinkelpraktyk geneem word en word dan as gekombineerde vak op die sertifikaat aangedui:

Pas- en draaiwerk

Motorwerktuigkunde

Karbakherstelwerk

Elektrisiëns

Radiotrisiëns

Sveiswerk en metaalbewerking

Loodgieters- en plaatmetaalwerk

Steenmessel- en pleisterwerk

Houtbewerking

Maatkleremakery

Skilder- en dekoreerwerk

Stoffeerwerk en bekleding

Nie-eksamenvakke vir voltydse leerlinge is:

Godsdiensonderrig;

Sang en Musiekwaardering; en

Liggaamlike Opvoeding.

Die Nasionale Senior Sertifikaat (Standerd X) word toegeken aan kandidate wat vir die M-kursus ingeskryf het maar wat nie aan die vereistes voorgeskryf deur die G.M.R. voldoen nie. Hierdie sertifikaat word slegs toegeken indien daar aan sekere minimumvereistes van die Departement voldoen word.

Vir die Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnies) of T-kursus geld dieselfde vakgroepering as by die M-kursus. Kandidate skryf egter spesifiek vir die T-kursus in en lê die T-kursus-eksmanen af. Hierdie sertifikaat word nie vir matrikulasienvrystelling erken nie.⁶⁰⁾

Uit bogenoemde gegewens kan opgemerk word dat die Departement n groot verskeidenheid van ambags- en tegniese vakke aanbied, wat n groot mate van diversifikasie moontlik maak. In die gewone provinsiale hoërskole word egter ook elementêre opleiding in hierdie rigting aangebied. Volgens die Wet op Beroepsonderwys, 1955, mag "handwerk" aan die gewone provinsiale hoërskole gegee word en vir die doeleindes van onderskeiding word "handwerk" in die genoemde Wet soos volg omskryf:

"n kursus van onderwys en opleiding in houtwerk, metaalwerk of enige ander praktiese kuns of handwerk wat nie spesifieke onderwys of opleiding vir n voorgeskrewe ambag is nie, en die duur waarvan hoogstens agt uur per week is, afgesien van die getal handwerkvakke wat vir sodanige kursus geloop word."⁶¹⁾

Die volgende kursusse word in die verskillende provinsies aangetref:

Transvaal:

Die vak Bedryfskennis word aan die seuns in standerds 6 - 8 gebied. Hierdie vak gee nie beroepsopleiding in een of ander rigting nie maar sluit houtwerk, metaalwerk, motorwerktuigkunde, elektriese werk, radioherstelwerk, ens. in. In standerds 9 - 10 kan leerlinge of Houtwerk of Metaalwerk as 'n vak vir een van die eindeksamens van die middelbare skool kies.

Oranje-Vrystaat:

Handwerk as vak word dwarsdeur die hoërskoolkursus aangebied.

-
- 60) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Handboek van nasionale tegniese kursusse, leerplanne en eksamens vir voltydse leerlinge, 1963, p.10-14, soos gewysig. Die bo-gemelde sertifikate en kursusse het vanaf 1967 in werking getree.
- 61) Wet No. 70 van 1955, artikel 1(vii).

Natal en Kaapprovincie: Of Houtwerk of Metaalwerk gekies word.⁶²⁾

In 1967 was daar 28 hoër tegniese skole met 12,631 leerlinge in die Republiek. Die aantal studente wat deeltydse klasse by sommige van hierdie inrigtings geloop het, was 1,106.⁶³⁾

b. Hoër handelskole.

Die wetlike omskrywing van handelsonderwys word in die Wet op Beroepsonderwys van 1955 soos volg aangegee:

"n kursus van onderwys en opleiding waarin meer as 'n derde van die vakke voorgeskrewe handelsvakke is of ten opsigte waarvan meer as agt uur aan voorgeskrewe handelsvakke gewy word;"⁶⁴⁾

Volgens dr. A.J. van Zyl is handelskole sekondêre skole wat st. 8, 9 en 10 behels en wat hoofsaaklik handelsvakke aanbied. Afrikaans, Engels en Wiskunde (laasgenoemde vak in gevalle van universiteitstoelating) word ook hier aangebied. Hy konstateer verder dat handelskole normaalweg drie soorte kursusse aanbied: vir snelskriftiksters, vir klerke en vir voornemende universiteitstudente.⁶⁵⁾ Samevattend kan gesê word dat handelskole dié onderwys aanbied wat kandidate voorberei vir die Handel en die professies.⁶⁶⁾

Net soos die geval met tegniese onderwys is, moet by handelsonderwys voortdurend rekening gehou word met die handelspraktyk ten einde die regte opleiding aan die leerling te verskaf. Volgens die destydse Uitvoerende Direkteur van die Vereniging van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika is daar drie sake waarop in hierdie verband gelet moet word, t.w.:

62) Erudita Publikasies (Edms.) Bpk. Onderwys en loopbane in Suid-Afrika, p.149.

63) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.197.

64) Artikel I (vi).

65) Van Zyl. Meer tegniese onderwys - 'n bydrae tot die oplossing van ons mannekragprobleem, p.170.

66) Van Wyk, op.cit., p.150.

- die aard van beskikbare betrekings in die handel;
- die aantreklikheid van werksomstandighede in die handel; en
- sekere aspekte van veranderende tendense en patronen in die handel.⁶⁷⁾

Hoër handelskole bied voltydse onderrig vanaf st. VIII tot st. X wat lei tot die verwerwing van een van die volgende sertifikate:

Nasionale Junior Sertifikaat (St. VIII)

Nasionale Handelssertifikaat (St. IX)

Nasionale Senior Sertifikaat (St. X) (met of sonder matrikulasienvrystelling)

Naas die amptelike tale en ander vakke word die volgende handelsvakke in die handelskole aangebied: Snelskrif, Shorthand, Boekhou, Handel, Handelsrekene, Tikschrif, Ekonomiese en Handelsreg. Vyf- of sesvaksertifikate word uitgereik waarvan minstens drie vakke, in die geval van voltydse handelskoolleerlinge, van die voorgeskrewe handelsvakke moet wees. Nie-eksamenvakke vir voltydse leerlinge is:

Godsdiensonderrig;

Sang en Musiekwaardering of Drama en Spraakopleiding; en

Liggaamlike Opvoeding.

Benewens die Nasionale Senior Sertifikaat in die handelsrigting, bied die Departement dié sertifikaat ook in 'n algemene en 'n kunsrigting aan vir kandidate wat nie aan handelskole verbonde is nie. Kandidate kan vir matrikulasienvrystelling in aanmerking kom mits hulle die regte vakke neem en aan die ander voorgeskrewe vereistes voldoen.⁶⁸⁾

67) Toespraak deur mnr. H.S. Mabin by die kongres van die S.A.V.T.B. (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys), April, 1965, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Junie 1965 (No. 25), p.36-37.

68) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Handboek - Nasionale kursusse, leerplanne en eksamens. (Handels-Kuns en Algemene vakke), 1964, p.22-26.

Die provinsiale onderwysdepartemente bied in hul gewone sekondêre skole 'n verskeidenheid van handelsvakke aan, soos Boekhou, Ekonomie, Tikschrif, Snelschrif, Handel, Handelsrekene, ens. maar hulle is deur die bepalings van die Wet op Beroepsonderwys van 1955 verplig om toe te sien dat die aangebode handelsvakke nie meer as 'n derde van die totale vakke uitmaak nie of dat daar nie meer as agt uur per week daaraan bestee word nie.⁶⁹⁾ Ook was daar onderlinge ooreenkomste tussen die verskeie onderwysdepartemente om te verseker dat die provinsiale onderwysdepartemente nie op die gebied van die beroepskole oortree nie.⁷⁰⁾

In 1967 was daar 23 hoër handelskole met 8 013 leerlinge in die Republiek. In dié jaar het 1 081 studente deeltydse klasse by sommige van hierdie skole geloop.⁷¹⁾

c. Hoër handel- en tegniese skole.

Hierdie soort skole is 'n kombinasie van die voorafgaande twee soorte skole en het hulle ontstaan te danke aan die feit dat die leerlingtalle van of die tegniese of die handelsafdeling, of albei, nie die gebruik van aparte skoolgeboue regverdig nie. Dit dien egter gemeldd te word dat die destydse Sekretaris van Hoër Onderwys (voorheen Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) by geleenheid verklaar het dat sy departement oor die jare ondervind het dat die saamgruepering van verskillende onderwysrigtings onder een dak, soos byvoorbeeld die hoër handel- en tegniese skole, net nie opvoedkundig regverdig is nie.⁷²⁾ Waar omstandighede dit geregtverdig het, is hierdie skole geskei.

In 1967 was daar ses hoër handel- en tegniese skole met 'n gesamentlike leerlingtal van 2 249. Hierbenewens het 1 679 studente deeltydse klasse by hierdie inrigtings geloop.⁷³⁾

69) Ingevolge artikel I(iv) van Wet No. 70 van 1955.

70) Wulfsohn, op.cit., p.117.

71) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.197.

72) Toespraak gehou tydens die kongres van die S.A.V.T.B. gedurende September 1969, Tydskrif vir Tegniese en Beroeps-onderwys, Desember 1969 (No. 42), p.15.

73) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.197.

d. Hoër huishoudskole.

Die beskrywing van huishoudkundige onderwys in die Beroepsonderwyswet van 1955, lui soos volg:

"n kursus van onderwys en opvoeding ten opsigte waarvan meer as agt uur per week aan voorgeskrewe huishoudkundige vakke gewy word" ⁷⁴⁾

Volgens W.K.H. du Plessis het dit in 1925 ten tye van die oorname met die huishoudskole beroerd gegaan.⁷⁵⁾ Hy meld ook dat daar by die provinsiale onderwysdepartemente geen teken van rou oor die oorhandiging van hierdie skole was nie.⁷⁶⁾

Oorspronklik was die amptelike benaming van die hoër huishoudskole "industriële skole". Die Unie-Onderwysdepartement het egter voor 1925 al ook "industriële skole" gehad maar hulle was heeltemal andersoortig en was bedoel vir gekommiteerde kinders. Hierdie verwarring in benaming het ook daartoe bygedra dat die huishoudskole se aansien daaronder gely het omdat die publiek nie tussen die twee kon onderskei nie.⁷⁷⁾ Die gevolg hiervan was dat die skole se naam later na die huidige benaming verander is.

'n Belangrike verandering wat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap met betrekking tot die huishoudskole teweeggebring het, was om die kleuterafdelings by vier van die skole op 1 April 1954 te sluit. Die rede was dat dit nie doeltreffend vir die praktiese opleiding van 'n ekonomiese aantal kleuterskoolhelpsters aangewend kon word nie. Die enigste twee skole wat kleuterafdelings behou het, was dié op George en Potchefstroom.⁷⁸⁾

74) Wet No. 70 van 1955, artikel 1(x).

75) Du Plessis, op.cit., p.70.

76) Ibid., p.33.

77) Ibid.

78) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953-54, p.16.

Hoër Huishoudskole bied onderrig van st. VI tot St. X. Op die matrikulasielak kan een van die volgende sertifikate verwerf word:

Nasionale Senior Sertifikaat
(A-kursus)

Groep I: Afrikaans A of Engels A

Groep II: Afrikaans A of B of Engels A of B mits dit nie 'n taal is wat onder Groep I gekies is nie.

Groep III: Die volgende vier vakke:

Kookkuns en Voeding

Naaldwerk- en Dameskleremakery

Handel

Tikskrif

Nasionale Senior Sertifikaat
(B-kursus)

Groep I: Dieselfde as by die A-kursus

Groep II: Dieselfde as by die A-kursus

Groep III: Die volgende vier vakke:

Kookkuns en Voeding

Naaldwerk- en Dameskleremakery

Inrigtingsbestuur

Fisiologie en Higiëne⁷⁹⁾

Nie-eksamenvakke vir voltydse leerlinge is:

Godsdiensonderrig;

Sang en Musiekwaardering of Drama en Spraakopleiding;
en

Liggaamlike Opvoeding.

79) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Handboek vir nasionale kursusse, leerplanne en eksamens (Huishoudkundekursusse) 1965, p.11-12.

Die Nasionale Senior Sertifikaat, hierbo aangedui, word nie deur die Gemeenskaplike Matrikulasierring erken vir vrystelling van die matrikulasië-eksamen nie en sal dus nie die houer daarvan toelaat om 'n graadkursus te volg nie, maar wel enige diplomakursus. Dit word egter wel deur die Departement en provinsiale onderwysdepartemente aanvaar vir toelating tot onderwyserkursusse.

Nasjonale Huismoedersertifikate (Intermediêr) of (Senior) kan ook verwerf word. Vir laasgenoemde moes 'n kandidaat onderrig ontvang het in die seniorvakke van die B-kursus en in minstens drie huishoudkundevakke geslaag het.⁸⁰⁾

Huishoudkunde word ook in die gewone provinsiale hoërskole aangetref. Dit word in 'n groot aantal provinsiale hoërskole as keusevak binne die stelsel van gedifferensieerde onderwys aangebied.⁸¹⁾

In 1967 was daar 8 huishoudskole in die Republiek met 'n gesamentlike leerlingtal van 1184.⁸²⁾

e. Landbouskole.

Die Unie-Onderwysdepartement het nie in 1925 bona fide-landbouskole van die provinsiale onderwysdepartemente oorgeneem nie. Sommige van die oorgenome ambagskole het egter landbouafdelings gehad. Dié afdelings is egter weggeneem en op sommige plekke is nuwe landbouskole gestig.⁸³⁾ Ten einde landbou-onderwys egter beter by sekondêre onderwys te laat inpas,⁸⁴⁾ is hierdie skole op 1 April 1938 aan die provinsiale onderwysdepartemente oorhandig.⁸⁵⁾

80) Ibid., p.12.

81) Erudita Publikasies, op.cit., p.146.

82) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.197.

83) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1926, p.31.

84) Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1948, p.335.

85) Ingevolge die Wet op oordrag van landbouskole, 1937, (Wet No. 30 van 1937).

f. Voortsettingsklasse (Tans bekend as Tegniese Institute)

In die Wet op Beroepsonderwys van 1955 word hierdie soort onderwys (voortgesette onderwys) ook by hoër onderwys ingerekken met die oog op die toewysing daarvan aan die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. In artikel 34 van hierdie Wet, waarin artikel 17 van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings van 1945⁸⁶⁾ gewysig word, word voortgesette onderwys bepaal as synde "onderwys gegee vir persone wat nie in gevolge een of ander wetsbepaling verplig is om 'n skool by te woon nie, of wat van so 'n wetsbepaling vrygestel is." Hierdie soort onderwys sien o.a. op die onderwys wat deur voortsettingsklasse verskaf word.

In Suid-Afrika, net soos in talle ander ontwikkelde lande, word daarvoor voorsiening gemaak dat persone wat 'n voltydse werk het hulle kwalifikasies kan verbeter deur aandklasse by te woon. Hierdie klasse kan saans tussen 5.00 nm. en 9.00 nm. of op een dag in die week of op Saterdae of selfs tydens kortkursusse bygewoon word. Ook vir nie-eksamenvakke word daar voorsiening gemaak.⁸⁷⁾

In die stedelike gebiede behartig die tegniese kolleges hierdie taak. Ook kan deeltydse klasse by sommige handel- en tegniese skole geloop word. Op die platteland is die voortsettingsklasse egter verantwoordelik vir die verskaffing van teoretiese opleiding aan vakleerlinge, asook vir die verskaffing van naskoolse akademiese en handelsopleiding.⁸⁸⁾

Voortsettingsklasse staan onder die beheer van plaaslike komitees wat geldelike en administratiewe verantwoordelikheid vir die klasse moet aanvaar. In die Wet op Beroepsonderwys, 1955, word voorsiening gemaak

86) Die begrip "hoër onderwys" word in hierdie artikel omskryf.

87) Van Zyl, Meer tegniese onderwys, p.169.

88) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953-1954, p.13.

vir geldelike steun aan voortsettingsklasse, onder sekere voorwaardes.⁸⁹⁾ Die hulptoelaag word bereken op die bedrag waarmee goedgekeurde uitgawes die inkomste oortref, tot 'n bepaalde, voorafberekende maksimum.⁹⁰⁾

Vakleerlinge word deur die Vakleerlingwet verplig om klasse by te woon. As gevolg hiervan het sommige van die voortsettingsklasse in die groot plattelandse dorpe snel gegroei dat hulle in tegniese institute ontwikkel het. Hierdie tegniese institute beskik oor hulle eie geboue, gekoop of gehuur, en sommige het ook voltydse personeel in diens.⁹¹⁾

Deur die stelsel van vaksuksesse (inskrywings vir enkele vakke op 'n keer) is dit vir kandidate moontlik om hulle sertifikate trapsgewys te verwerf. Hierdie sertifikate is dieselfde as dié wat in die beroepskole of tegniese kolleges verwerf kan word.⁹²⁾

Teen die einde van die vyftigerjare het die Departement ondersoek ingestel na die wenslikheid om, waar moontlik, van die voortsettingsklasse by departementele beroepskole in te skakel. Die gevolg was dat nege voortsettingsklasse op hierdie wyse hul identiteit as afsonderlike instellings verloor het.⁹³⁾ In 1961 is wetgewing in dié verband uitgereik wat voorsiening gemaak het vir die oordrag van voortsettingsklasse en die behoud deur die personeel daaraan verbonde van hulle pensioen- en ander regte.⁹⁴⁾

Behalwe die klasse gegee by voortsettingsklasse, is deeltydse klasse ook by sommige van die Departement se handel- en tegniese skole aangebied. In 1965 het die volgende voortsettingsklasse en deeltydse klasse (laastenoemde by hoër handel- en tegniese skole en vakleerlingskole) bestaan:

89) Wet No. 70 van 1955, artikel 9.

90) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1951, p.16.

91) Ibid.

92) Ibid.

93) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1960, p.4.

94) Wysigingswet op Beroepsonderwys, 1961 (Wet No. 20 van 1961).

	<u>Deeltydse klasse</u>	<u>Voortsettings- klasse</u>	<u>Totaal</u>
Getal sentrums	30	20	50
Getal leerlinge	7414	2577	9991
Getal leerkragte	323	181	504 ⁹⁵⁾

Die benaming Voortsettingsklasse is in 1969 verander na Tegniese Institute wat geag word ingevolge artikel 5(1) van die Wet op Onderwysdienste, 1967 ingestel te wees. In die V.S.A. word dié benaming ook gebruik vir hierdie soort inrigting wat, net soos in die Republiek van Suid-Afrika, verantwoordelik is vir die "intermediate zone of education."⁹⁶⁾

Hierdie inrigtings is staatsondersteunde inrigtings en het hulle eie beheerrade. Hulle word gesubsidieer op die basis van die verskil tussen inkomste en uitgawes. Die subsidiëring na 1968 is dié wat op "ondersteunde skole" van toepassing is ingevolge artikel 5(1) en (2) van die Wet op Onderwysdienste. Vir die kalenderjaar 1971 is n bedrag van R469 000 vir hierdie soort inrigtings bewillig.⁹⁷⁾

Die volgende tabel toon die aantal voortsettingsklasse en die studente aan hierdie inrigtings verbonde gedurende die tydperk 1930 - 1970.

95) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.184.

96) Henninger. The technical institute in America, p.7.

97) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.25 en Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.21.

TABEL XI. VOORTSETTINGSKLASSE:^x
AANTAL INRIGTINGS EN STUDENTE,
1930 - 1970.

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Studente</u>
1930	18	1944
1935	18	2025
1940	35	2654
1945	20	1848
1950	25	2199
1955	28	3162
1960	31	4429
1965	20	2577
1970	33	3387 ⁹⁸⁾

* In 1969 is die benaming verander na tegniese institute.

Die Departement het van tyd tot tyd van die voortsettingsklasse orgeneem as volle staatsinrigtings (meestal beroepskole), vandaar die periodieke afname in die getalle van die voortsettingsklasse. Na die oorname van die beroepskole deur die provinsies in 1968, is sekere van die deeltydse klasse wat aan beroepskole verbond was, tot voortsettingsklasse (tegniese institute) verklaar.

Die Suid-Afrikaanse Handelsvlootakademie Generaal Botha te Grangerbaai en die Nautical Academy, Durban, word ook as tegniese institute beskou. Laasgenoemde is 'n instituut wat in die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys te Durban gehuisves is en wat deeltydse opleiding vir die Handelsvlootakademie verskaf.⁹⁹⁾

Benewens bogenoemde twee was daar in 1972 tegniese institute by die volgende sentra:

98) Die syfers is verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

99) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.25.

George	Bethlehem
Grahamstad	Alberton
Hartswater	Barberton
Kingwilliamstown	Brits
Paarl	Ermelo
Parow-Oos	Evander
Queenstown	Lichtenburg
Strand	Middelburg
Uppington	Nelspruit
Worcester	Pietersburg
Amanzimtoti	Potchefstroom
Dundee	Potgietersrust
Pk. Durnacol	Pretoria (S.A.P.)
Ladysmith	Springs
Newcastle	Standerton
Pinetown	Tzaneen
Port Shepstone	Vryheid. ¹⁰⁰⁾

g. Nasionale Ambagskool vir Vakmanne.

Daar was aanvanklik drie van hierdie inrigtings, t.w. dié by Kimberley, Olifantsfontein en Westlake. Tot 1959 was hulle bekend as Hoër Tegniese Skole vir Volwassenes. Die inrigting te Olifantsfontein was vroeër saamgestel met die Sentrale Organisasie vir Vaktoetse aldaar.¹⁰¹⁾

Die S.O.V.T. was vroeër bekend as die S.O.T.O. (Sentrale Organisasie vir Tegniese Opleiding). Op 1 Junie 1945 het die Unie-Onderwysdepartement die S.O.T.O. van die Departement van Verdediging (wat dit gebruik het om vakmanne vir die leér op te lei) oorgeneem met die doel om blanke oud-vrywilligers, sowel as ander persone, as ambagsmanne op te lei.¹⁰²⁾ Die opleiding

100) Erudita Publikasies, op.cit., p.163-164.

101) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1959, p.8.

102) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1946-1947, p.9-10.

is egter gestaak en vanaf 1952 staan dit bekend as die S.O.V.T. en neem dit slegs vaktoetse vir voornemende ambagsmanne af.¹⁰³⁾ Die ambagskool te Kimberley is ook gesluit en die inrigting te Westlake is vandag die enigste van sy soort.

Die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951 (Wet No. 38 van 1951) en die Wysigingswet op Vakleerlinge, 1951 (Wet No. 28 van 1951) maak voorsiening vir die opleiding van persone wat te oud is om as vakleerlinge in te skryf, hulle uitplasing, aflegging van vaktoetse, ens. Wat die uitvoering van hierdie wette betref, is daar noue samewerking tussen die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departement van Arbeid.

By die Nasionale Ambagskool vir Vakmanne te Westlake word aan volwassenes bo 21 intensieve voorbereidende opleiding van ses maande in enige van drie bepaalde ambagsrigtings of 'n jaarkursus in enige van vyf ambagsrigtings gegee. Na voltooing van die kursus word die kwekelinge, in samewerking met die Departement van Arbeid, by verskillende werkgewers uitgeplaas. Na agtien maande in sekere en $2\frac{1}{2}$ jaar in ander ambagte kan hulle 'n ambagstoets te Olifantsfontein aflê om sodende volle vakmanstatus te verkry.¹⁰⁴⁾

Praktiese opleiding word voorsien in verskillende ambagsrigtings. In 1970 was die inskrywing van studente vir die verskillende ambagte soos volg:

Elektrisiënswerk	20
Messelwerk	3
Motorwerktuigkunde	20
Duikklopwerk	11
Pas- en draaiwerk	18
Sweiswerk	5
Timmer- en skrynwerk	7
Loodgieterswerk	7
	91
	¹⁰⁵⁾

-
- 103.) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1951, p.33.
- 104.) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1970, p.18. Vergelyk ook "Die Nasionale Ambagskool vir Vakmanne, Westlake", Tydskrif vir Tegniese en Beroeps-onderwys, Maart, 1969 (No. 39), p.102.
- 105.) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.112.

Eksamen is nie verpligtend nie, dog kandidate word aangemoedig om die ambagsteorievak van die betrokke ambag te verwerf.¹⁰⁶⁾

Die Departement van Nasionale Opvoeding dra die finansiële verantwoordelikheid vir die opleiding. Geen kursusgelde is betaalbaar nie, slegs 'n geringe koshuis-fooi.¹⁰⁷⁾

h. Vakleerlingskole. (Tans bekend as Tegniese Kolleges).

Vakleerlingskole voorsien deeltydse of groepopleiding. Sommige van hierdie skole vorm deel van tegniese kolleges. Ander is selfstandige inrigtings. Hulle hoofdoel bly egter dieselfde, nl. om kursusse aan te bied spesiaal vir ingeskreve vakleerlinge. Ander persone mag egter ook hierdie kursusse volg. Deeltydse klasse in handels- en algemene akademiese vakke word ook voorsien. Studente lê die Nasionale Eksamens af vir die verskillende Nasionale Tegniese Sertifikate en Diplomas.¹⁰⁸⁾

Nadat die hoër tegniese skole en die hoër handelskole op 1 April 1968 na die provinsies oorgedra is, het die vakleerlingafdelings wat aan sodanige skole verbond was, ondersteunde skole geword, elk met sy eie raad en beheerpersoneel.¹⁰⁹⁾

Vakleerlinge word deur die Wet op Vakleerlinge,¹¹⁰⁾ verplig om klasse by te woon ten einde hul teoretiese kennis op peil te bring. Waar fasiliteite beskikbaar is, moet alle vakleerlinge gedurende die eerste twee jaar van 'n normale vakleerlingskap tegniese klasse bywoon

106) Erudita Publikasies, op.cit., p.242.

107) Ibid.

108) Department of Education, Arts and Science. Education in South Africa (hersiene uitgawe, 1964), p.44-50.

109) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.9.

110) Die Wet op Vakleerlinge, 1922 (Wet No. 26 van 1922) soos gewysig en vervang deur Wet No. 37 van 1944. Dié Wet is ook gewysig en vervang deur Wet No. 46 van 1963.

van een dag per week gedurende normale werksure, of waar fasiliteite vir bywoning van klasse tot by die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel II nie bestaan nie, moet hulle korrespondensiekursusse van die Witwatersrandse Tegniese Kollege volg. By alle inrigtings waar vakleerlingklasse voorsien word, is toestemming verleen vir die groepopleidingstelsel waarvolgens vakleerlinge voltydse klasse vir nege (nou tien) weke moet bywoon.¹¹¹⁾

Die sertifikate waarvoor vakleerlinge normaalweg inskryf, is die Nasionale Tegniese Sertifikaat (N.T.S. I, II en III). Toelating tot hierdie sertifikaat is normaalweg vir kandidate wat St. VII voltooi het. Die kursus duur gewoonlik oor drie jaar studie, soos volg:

eerste jaar - Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel I
 tweede jaar - Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel II
 derde jaar - Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel III

Elk van bogenoemde drie sertifikate word toegeken op grond van n minimum van drie vakke.

Volgende op die Nasionale Tegniese Sertifikaat is die Nasionale Gevorderde Tegniese Sertifikaat (G.T.S. I en II). Hierdie sertifikaat word op n deeltydse basis verwerf, n jaar studie vir elke deel. Toelating is beperk tot kandidate wat die N.T.S. III of die Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnies) verwerf het. n Minimum van drie vakke moet gekies word vir elke deel van die sertifikaat.¹¹²⁾ Vakleerlinge kan met hulle studies vorder tot by die Nasionale Diploma-vlak. Hierdie kwalifikasie is bo die sekondêre vlak en word volledig behandel in hoofstuk VI.

111) Department of Education, Arts and Science. Education in South Africa (hersiene uitgawe, 1964), p.57. Vergelyk ook die Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1970, p.32.

112) Department of Education, Arts and Science. Education in South Africa (hersiene uitgawe, 1964), p.57-59.

Gedurende 1969 het alle inrigtings wat voorheen as vakleerlingskole bekend gestaan het, die naam Tegniese Kolleges verkry. Hulle word nou geag ingestel te wees kragtens artikel 2(1) van die Wet op Onderwysdienste, 1967 en is almal volle departementele inrigtings. Benevens die sewe bestaande departementele kolleges het daar op hierdie stadium nog 19 bygekom, sodat die totale aantal tegniese kolleges op 26 te staan gekom het.¹¹³⁾

In 1972 was daar tegniese kolleges by die volgende sentra:

Kimberley	Boksburg-Noord
Kaapstad *	Brakpan
Oos-Londen	Carletonville
Port Elizabeth *	Germiston
Stellenbosch	Johannesburg.*
Uitenhage	Klerksdorp
Durban *	Krugersdorp
Pietermaritzburg	Randfontein
Bloemfontein	Rustenburg
Kroonstad	Springs
Sasolburg	Vanderbijlpark *
Welkom	Vereeniging
Benoni	Witbank. ¹¹⁴⁾

* Nie kolleges vir gevorderde tegniese onderwys nie.

i. Staatsondersteunde beroepskole (Vakskole)

Die benaming staatsondersteunde beroep- of vakskole is gebruik tot 1968 toe die Wet op Onderwysdienste in werking getree het. Op hierdie stadium het daar slegs twee van hierdie soort inrigtings bestaan, nl. die Middelandse Hoër Handelskool, Cradock en die Salesian Institute (Tegnies), Kaapstad.¹¹⁵⁾

113) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p. 12.

114) Erudita Publikasies, op.cit., p.162.

115) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1967, p.8-9.

In die onderstaande tabel kan gesien word hoe hierdie skole oor die jare verminder het as gevolg daarvan dat die Departement periodiek van die skole as volle staatsinrigtings oorgeneem het.

TABEL XII. STAATSONDERSTEUNDE VAKSKOLE:
AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE,
1930 - 1967.

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge</u>
1930 x	6	383
1935 x	7	484
1940 y	2	212
1945	2	227
1950 z	4	483
1955	6	718
1960	2	184
1965	2	223
1967	2	212 ¹¹⁶⁾

x staatsondersteunde ambag- en huishoudskole word afsonderlik aangedui in die jaarverslag.

y slegs staatsondersteunde ambagskole word in die jaarverslag aangedui.

z vanaf die 1950-statistiek word die naam staatsondersteunde vakskole gebruik.

Op 1 April 1968 is 'n groot aantal deeltydse klasse aan skole verbonde en sentrums wat beroepsonderwys verskaf (voortsettingsklasse ingesluit) ingevolge artikel 5(1) en (2) van die Wet op Onderwysdienste tot ondersteunde skole verklaar.¹¹⁷⁾ Dié ondersteunde skole vir nie-skoolpligtiges word soos volg deur die Departement gesubsidieer:

116) Die syfers is verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

117) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.18.

- a. Die volle goedgekeurde salaris, toelaes en verlofgratifikasies van die voltydse personeel; en
- b. die verskil tussen die ander uitgawes deur die Sekretaris goedkeur en die goedgekeurde klasgelde en ander inkomste ten opsigte van die kursusse wat die Minister goedkeur.¹¹⁸⁾

j. Private beroepskole.

Daar bestaan 'n aantal private skole wat beroeps-kursusse aanbied. Teen die einde van die vyftigerjare het die Regering stappe gedoen om sy beheer oor beroeps-onderwys te verstewig. In 1957 is private skole wat beroepskursusse aangebied het, ingevolge 'n wysigingswet,¹¹⁹⁾ op die Wet op Beroepsonderwys van 1955 verplig om hulle by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap te laat registreer. In die volgende jaar is nog 'n wysigingswet¹²⁰⁾ uitgevaardig waarin inter alia voorsiening gemaak word vir die verpligte registrasie van alle sertifikate en diplomas in enige beroepsvak wat deur private persone of liggeme uitgereik word.

Die beroepsonderwys wat deur private skole aangebied is, was uit die aard van die saak nooit deel van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se verantwoordelikheid nie, behalwe dat die vereiste registrasie, soos hierbo aangedui, by die Departement gedoen moes word. Met die oordraging van beroepsonderwys aan die provinsiale onderwysdepartemente in 1968, is die wetlike bepalings sodanig verander dat die verpligte registrasie voortaan by die betrokke administrateurs gedoen moet word.¹²¹⁾

118) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.26.

119) Wysigingswet op Beroepsonderwys, 1957 (Wet No. 72 van 1957).

120) Wysigingswet op Beroepsonderwys, 1958 (Wet No. 25 van 1958).

121) Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), artikel 15.

3. Die herwaardering van beroepsonderwys onder beheer van die Sentrale Regering.

Omdat daar sedert die oornname van beroepsonderwys in 1925 deur die Unie-regering 'n kentering in die benadering van beroepsonderwys ingetree het, word enkele feite hieromtrent verstrekk. Ook kan dit bydra tot die opklaring van die verwarde en valse beeld wat in sommige kringe omtrent beroepsonderwys bestaan.¹²²⁾

Dit is vandag al 'n bekende feit dat beroepsonderwys gedurende sy beginjare in 'n slegte lig by die breë publiek gestaan het. Die omstandighede waaronder beroepsonderwys ontstaan het, het dan ook veel hiermee te make. In 1906 het die Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaap gesê dat die Kaapse industriële skole bedoel is om ambagte te leer aan kinders wie se ouers in armoedige omstandighede verkeer.¹²³⁾ In die Oranje-Vrystaat was dit dieselfde - die meeste van die toegelate seuns was "uit de arme stand", blykens die Direkteur van Onderwys se Jaarverslag van 1917.¹²⁴⁾ Kortom, beroepsonderwys is vroeër geassosieer met die opheffing van die armlankenvraagstuk. Malherbe konstateer dat daar 'n tyd was toe beroepsonderwys beskou is as "suited to the needs of the destitute, the mentally defective and the delinquent."¹²⁵⁾

Een van die faktore wat die ongewildheid van die vroeëre beroepskole bevorder het, was die skadelike assosiasie met die destydse "industriële" skole (nywerheidsskole). Dit was die gevolg van die verwarring tussen hierdie twee soorte skole. Die Hofmeyr-kommissie van 1924 het daarop gewys dat die lyn tussen industrieskole en ambagskole nie duidelik getrek is nie - indien selfs enige lyn, vasgestel deur enige gesonde, opvoedkundige beginsels, in die geheel getrek kan word.¹²⁶⁾ Hierdie

122) Vergelyk F. Eksteen se artikel: "Die regmatige status van beroepsonderwys", Tydskrif vir Tegniese en Beroeps-onderwys, Junie, 1969 (No. 40), p.12.

123) Le Clus. Die ambagskool onder die Unie-Onderwysdepartement, p.10.

124) Ibid., p.3. Vergelyk ook Mulder, op.cit., p.284.

125) Malherbe. Education and the poor white, p.90.

126) Hofmeyr-verslag, par. 142.

verwarring het 'n stigma aan beroepsonderwys laat kleef en het veroorsaak dat hierdie vertakking van die onderwys nie na waarde geskat is nie. Ten einde hierdie probleem op te los en ook om verwarring te voorkom, is die volgende benaminge in 1944 vasgestel: hoër tegniese skole, hoër handelskole, hoër huishoudskole, nywerheidskole en verbeteringskole. Dié name word vandag nog gebruik. Die naamsverandering het gehelp om die stigma geleidelik te verwijder.¹²⁷⁾ 'n Verdere wysiging het in 1949 gevvolg toe al die tegniese, handels- en huishoudskole wat tot in daardie stadium as "vakskole" bekend gestaan het, die naam "beroepskole" gekry.¹²⁸⁾

Volgens die De Villiers-kommissie het die beroepskole geleidelik op die platteland gewilder geword; in baie gevalle het waglyste nodig geword. Die Kommissie het bygevoeg dat saam met hierdie vordering van beroepsonderwys oor die "afgelope jare" daar ook meer beroepsvakke in die provinsiale skole ingevoer is. 'n Voorbeeld daarvan was die stigting van die junior hoërskool in Transvaal (in 1938) "met die uitgesproke doel om beroepsopleiding te verskaf."¹²⁹⁾

Die aanstelling van die De Villiers-kommissie wat in 1948 verslag gedoen het in sake die plek van tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika het die owerheid en ook die publiek, se aandag opnuut op hierdie faset van die onderwys gefokus. Enkele aanbevelings van hierdie kommissie wat ten uitvoer gebring is, het ook tot gevolg gehad dat die status van beroepsonderwys verhoog is. Een van hierdie aanbevelings, nl. dat alle skoolpligtiges gratis onderwys moet ontvang,¹³⁰⁾ het in 1953 ten opsigte van beroepsonderwys van krag geword. Losies-gelde van £40 per jaar het wel van toepassing gebly maar algehele of gedeeltelike afslag is toegestaan, na gelang van die ouers se finansiële omstandighede.¹³¹⁾

127) De Villiers-verslag, par. 138.

128) Nasionale Buro vir Opoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika, 1947. p.14.

129) De Villiers-verslag, par. 104.

130) De Villiers-verslag, par. 2117(2). Die Lawn-kommissie het in 1923 al 'n aanbeveling te dien effekte gemaak. (U.G. 41-1923), par. 94.

131) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953 - 1954, p.16.

Daar moet in gedagte gehou word dat beroepsonderwys op sigself n duur soort onderwys is. In die jaarverslag van die Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement vir 1940 word die volgende syfers verstrek om die eenheidskoste van die Unie-Onderwysdepartement met dié van die provinsiale onderwys-departemente te vergelyk:

	<u>Unie-Onderwys-departement</u>	<u>Provinsiale onderwysdepartemente</u>	<u>Verskil</u>
Salarisse	£34	£27	+ £ 7
Administrasie en inspeksie	- ✕	£ 1	- £ 1
Beurse en kleinere werke	- ✕	£ 4.1	- £ 4.1
Hostels	£29	- ✕	+ £29
Ander uitgawes	£ 3.4	£ 2.2	+ £ 1.2
	<hr/> £66.4	<hr/> £34.3	<hr/> + £37.2
			- £ 5.1 ¹³²⁾

* bedrae nie vermeld nie.

Hy meld verder dat die koste per leerling in die beroeps-skole £37.3 is terwyl dit in die provinsiale skole £29.2 is.¹³³⁾ Die hoër koste van beroepsonderwys het ook die ouers nadelig getref ten opsigte van skoolfonds, boekgelde en koshuisgelde. Die verskaffing van gratis onderwys was derhalwe daarop gemik om beroepsonderwys binne almal se bereik te bring - dit was in die woorde van die toenmalige Sekretaris "n verdere poging om ouers en leerlinge te beweeg om die grootste voordeel uit die aangebode fasiliteite te trek."¹³⁴⁾

Op grond van die basiese veranderinge wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in die arbeidspatroon en mannekragbehoeftes van ons land plaasgevind het, moes die onderwys en meer bepaald die beroepsonderwys in Suid-Afrika ook dienooreenkomsdig sekere aanpassings doen. 'n Herwaardering is gaandeweg van beroeps-onderwys gemaak aangesien dit op die lange duur genoodsaak is deur die geweldige uitbreiding en veranderde omstandighede en

132) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1940, p.20.

133) Ibid., p.21.

134) Openingsrede van dié Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap by die kongres van die S.A.V.V., Maart/April, 1953, Werk, Junie 1953 (No. 82), p.5.

mannekragbehoeftes. Meer aandag is steeds gewy aan die opsporing van menslike talent (soos byvoorbeeld in die Talentopname van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing) en die skepping van nuwe geleenthede vir die optimum ontwikkeling van die vermoëns van elke bruikbare persoon.

Die snelle tegnologiese ontwikkeling van die afgelope paar dekades het 'n nuwe, meer opvoedkundige benadering ten opsigte van beroepsonderwys laat posvat wat die reeds genoemde stigma grootliks laat verdwyn het. Vergelyk in dié verband 'n aanhaling uit die presidentsrede op die kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys gedurende September 1971:

"In meeste westerse lande, net soos ook in Suid-Afrika het daar in die verlede 'n stigma aan beroepsonderwys gekleef. Gelukkig vir ons het daar sedert die aanname van Wet 70 van 1955 'n nuwe tydvak na vore gekom...."¹³⁵⁾

Die sogenmaade industriële onderwys van vroeër het die klem op die "doen-aspek" laat val¹³⁶⁾ en vir die leerling opleiding beoog wat hom as 'n gewone ambagsman sou bekwaam.¹³⁷⁾ Dié gedagte word ook gevind in die omskrywing van beroepsonderwys in Wet 29 van 1928 wat lui: "beroepsonderwys beteken onderwys en opleiding in of enige ambag of nywerheid."¹³⁸⁾ Hierdie omskrywing is ook deur die De Villiers-kommissie van 1948 aanvaar.¹³⁹⁾

In die Kaapprovincie en die Oranje-Vrystaat het finansiële oorwegings veroorsaak dat die opleidingsaspek skade gely het voor oorname deur die Unie-Onderwysdepartement in 1925. In dié twee provinsies is die vervaardiging van artikels oorbeklemtoon met die oog daarop om inkomste daaruit te verkry.¹⁴⁰⁾ Onder die Unie-Onderwysdepartement is die ambagskole geheel en

135) Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, September, 1971 (No. 50), p.70.

136) Mulder, op.cit., p.169-170.

137) Le Clus, op.cit., p.6.

138) Wet No. 29 van 1928, artikel 20.

139) De Villiers-verslag, p.1.

140) Union Department of Education. Vocational Education, 1936, p.5.

al deur die Staat gefinansier. Inkomste uit die verkoop van vervaardigde artikels is in 'n algemene inkomsterekening inbetaal. Dit het die motief om geld in te samel vir die skool se eie gebruik, ten koste van opleiding, uitgeskakel. Streng regulasies is ook van toepassing gemaak op die vervaardiging en verkoop van artikels om sodoende te verhoed dat die leerling se opleiding daaronder kan ly.¹⁴¹⁾

In die moderne benadering is gaandeweg ook meer aandag aan die algemeen-vormende waarde van beroepsonderwys gegee.

In 1963 is die kursusse hersien om aan te pas by die veranderde opvattings en ontwikkelinge. Volgens mnr. H.J.A. Moore, voorheen hoof-onderwysbeplanner van die Departement, is spesiale aandag gewy aan die uitskakeling van die vorige produksiestelsel en onnodige herhalingsoefeninge. Dit is vervang met 'n stelsel van meer logiese progressiewe opeenvolging van praktiese oefeninge en prosesse in die werkinkel sodat dit kon tred hou met die moderne vereistes van die nywerhede en die inskakeling van gesonde onderwysbeginsels. Meer tyd is ook afgesonder vir die doseer van die twee amptelike tale, Wiskunde, Wetenskap en Godsdiensonderrig. Die nouer aansluiting van die eerste vier vakke by die tegniese tekene en praktiese onderrig is ook moontlik gemaak. Geskiedenis is as verpligte vak tot st. VIII ingevoer en doeltreffender voorseening is gemaak vir Liggaamlike Opvoeding, Musiekwaardering en Sang, Noodhulp en ander kulturele bedrywighede.¹⁴²⁾

In die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap se Jaarverslag vir 1965 word die Departement se beleid in verband met beroepsonderwys duidelik uiteengesit. Daaruit blyk dat in die moderne beroepskool onder die Departement nie te vroeg gespesialiseer word nie. Steeds meer algemeen-vormende onderwys word in die kursusse en leergange ingeskakel en die neiging bestaan om minder tyd as vroeër in die werkinkel deur te bring. Die praktiese werk word opvoedkundig aangebied in

141) Union Department of Education. Vocational Education, 1936, p.5.

142) Moore, H.J.A. Beroepsonderwys, Onderwysbulletin, Junie, 1968, (Vol. XII No. 2), p.127-128.

teenstelling met die gebruik vroeër toe die klem só dikwels op spesialisasie, handvaardigheid en produksie geval het. Die opleiding is nie soseer ambagsgerig nie, eerder leerling-gerig want ook in die werkinkel is die kind en sy opvoeding belangriker as die artikel wat vervaardig word of die arbeid wat verrig word, aldus die gemelde uiteensetting.¹⁴³⁾

Die tyd toe die onderrig in beroepskole hoofsaaklik op die praktiese opleiding toegespits was, is verby. Die beroepskole doen in Suid-Afrika feitlik deur die bank werk tot op die St. 10-vlak en sluit sodoende aan by inrigtings vir gevorderde werk soos die universiteite, onderwyskolleges, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, seevaartkolleges, voortsettingsklassie, ens.¹⁴⁴⁾

Ten einde tred te hou met "die grootskaalse handels- en nywerheidsontwikkeling en sodat in die toenemende behoeftes van die land in hierdie opsig voorsien kan word" het die Departement die Afdeling Onderwysbeplanning en Inspeksie in die lewe geroep. Dit is die verantwoordelikheid van hierdie afdeling, in samewerking met die Afdeling Geboue, om ondersoek in te stel na, en aansoeke vir die stigting van nuwe beroepskole en tegniese kolleges of die uitbreiding van bestaande inrigtings te oorweeg.¹⁴⁵⁾

Vooruitbeplanning vir toekomstige ontwikkeling het onder meer meegebring dat daar in 1965 vir die volgende 10 jaar ten opsigte van geboue vir 'n bedrag van R50 000 000. beplan is.¹⁴⁶⁾ Hierdie syfers dui op die geweldige verwagte uitbreiding van die onderwys onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

143) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.1-2.

144) Ibid., p.2.

145) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1963, p.1.

146) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.1.

Aan die begin van 1967 is begin met 'n stelsel van gedifferentierende onderwys by die hoër tegniese skole. Dit kom daarop neer dat st. 6 en 7 basiese kursusse of verkenningskursusse is. Van st. 8 af vertak dit in twee, nl. 'n matriklasievrystellingskursus (M-kursus) en 'n senior-sertifikaatkursus (die tegniese of T-kursus).¹⁴⁷⁾

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar oor die afgelope paar dekades 'n verandering in die oogmerke en gevolglik ook in die aard van beroepsonderwys ingetree het. Die algemeen-vormende waarde van beroepsonderwys het nou meer aandag begin kry en die eens rigoristiese skeiding tussen beroepsonderwys en algemeen-vormende onderwys het minder opvallend begin word, alhoewel daar nog tussen dié twee aspekte van die onderwys onderskei word.

Algemeen-vormende onderwys is basies dié soort onderwys wat die aanleer van kennis, vaardighede en houding beoog wat nuttig kan wees vir 'n suksesvolle bestaan in die bree sin van die woord, sonder dat dit betrekking het op bepaalde betrektings of beroepe. Beroepsonderwys daarteenoor berei 'n individu voor, geheel of gedeeltelik, vir 'n bepaalde betrekking of beroep.¹⁴⁸⁾ Dié twee fasette van die onderwys is in werklikheid nie twee teenoormekaar-staande benaderings nie maar die een dek 'n wyer terrein waar die ander een in die spesifieke behoeftes van 'n bepaalde beroep moet voorsien;¹⁴⁹⁾ daarin lê die belangrikste verskil.

Die eens bree gaping tussen beroepsgerigte onderwys andersyds en algemeen-vormende onderwys andersyds het gedurende die afgelope jare, en veral gedurende die laaste dekade, vinnig vernou omdat die gevare van oorspesialisasie besef is en dientengevolge is daar meer algemeen-vormende vakke in beroepskole ingevoer. Desgelyks het die nuwe benadering wat meer "leerlinggerig" was, ook daartoe bygedra om aan beroepsonderwys as sodanig 'n meer algemeen vormende waarde te gee.

147) Moore, op.cit., p.128.

148) Struck. Vocational education for a changing world, p.5.

149) Le Page. Pre-matric training for the technological age. Toespraak gelewer by geleentheid van die M.L. Sultan Gedenklesing, Pietermaritzburg (afgerolde weergawe), p.5.

Dit dan was die toestand van sake met betrekking tot die plek van beroepsonderwys in die breë onderwysstelsel tot 1 April 1968. 'n Nuwe era lê voor die deur met die stelsel van gedifferensieerde onderwys. Die toekoms sal leer of daar 'n wesenlike verandering in die basiese opset gaan kom in soverre dit die aandeel van beroepsonderwys in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel betref.

D. DIE OORNAME VAN BEROEPSKOIE DEUR DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENT OP 1 APRIL 1968.

Ooreenkomsdig die bepalings van die Wet op Onderwysdienste van 1967 het die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente op 1 April 1968 die beheer oorgeneem oor een en tagtig beroepskole, waaronder hoër tegniese, hoër handel- en hoër huishoudskole. Ongeveer tweeduizend vyfhonderd doserende, klerklike en koshuispersoneel is hierdeur geraak.¹⁵⁰⁾ Vier komitees is deur die Komitee van Onderwyshoofde aangestel om hierdie oornname op 'n nasionale basis te hanteer. Die komitees was respektiewelik vir die volgende sake verantwoordelik ten einde die oorskakeling met die mins moontlike ontwrigting te laat geskied:

- vakke, kursusse en eksamens
- personeelsake
- voorrade, geboue, koshuise
- finansies.¹⁵¹⁾

Ingevolge die Wet op Onderwysdienste, 1967¹⁵²⁾ moes die provinsiale owerhede, onderhewig aan sekere voorwaardes, ondernem om sekere skole wat in die proses van oprigting was, te voltooi, asook skole waarvan die oprigting al reeds beplan was. Die beraamde koste van die bouprogramme wat deur die verskillende provinsies oorgeërf is, was soos volg:

150) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.1.

151) Anon. "Transfer of vocational education," Onderwysnuusflitse, Desember, 1968 (No. 17), p.32.

152) Artikel 9(4).

Transvaal	R21 307 270
Kaapprovinsie	16 350 500
Oranje-Vrystaat	5 078 500
Natal	5 740 000 ¹⁵³⁾

Die Departement van Hoër Onderwys (tans die Departement van Nasionale Opvoeding) het dus heeltemal afstand gedaan van die beroepskole, behalwe wat die eksaminering van die leerlinge in dié skole betref. Daar is onderling gereël dat die Departement voorlopig nog sou voortgaan om die eksamens, wat in daar-die stadium buitemuurse eksamens was, te behartig.

In 1972 was die verspreiding van die beroepskole onder die beheer van die provinsiale onderwysdepartemente soos volg:

Kaapprovinsie	22
Natal	7
Oranje-Vrystaat	10
Transvaal	40
Totaal	79 ¹⁵⁴⁾

Uit die oornname van beroepsonderwys deur die provinsies in 1968 kan veel goed gebore word. Hierdie soort onderwys sal in die toekoms 'n integrale deel vorm van die stelsel van gedifferensieerde onderwys. Met die nodige beplanning en korrekte beroepsvoorligting kan verseker word dat die onderwys in landsbelang, sowel as in die belang van elke individuele kind gedy.

-----000-----

-
- 153) Toespraak gehou deur die Sekretaris van Hoër Onderwys, gehou op die kongres van die S.A.V.T.B. gedurende September, 1969, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Desember 1969 (No. 42), p.16.
- 154) Erudita Publikasies, op.cit., p.127-156. 'n Volledige lys van beroepskole verskyn in bylae III.